ng overkruin

aanbid… gee om… bring hoop…

PROGRAM VIR DIE DAG: 16 MEI 2021
Gesamentlike Pinkster

09:00 **Erediens**. Dr. Petrus Moolman.
Teks: Johannes 17.
Tema: Op Jesus se gebedslys …

10:00 **Junior Kategese**. (Gr. 1-6)

17:00 **Senior Kategese** (Gr. 7-10) &
Gr 11 belydenisklas.

18:00 **Erediens**. Dr. Thinus van Staden.

EREDIENSTE SONDAE

Let wel dat volgens die huidige regulasies, ons 250 lidmate per erediens mag toelaat. As gevolg daarvan, sal daar gedurende die 2e kwartaal, slegs een oggenddiens om 09:00 plaasvind. Hierdie reëlings geld totdat die regulasies weer verander.

U VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE: ONGESTELDES

Nelie Botes. Braam Pretoriusstraat 118, 072 796 9309. In Milpark Hospitaal.

Nic Vlok. Zambesi Aftreeoord 200, 082 600 4345. In Wilgers Hospitaal.

Stien Vlok. Zambesi Aftreeoord 200, 072 598 6059. Sterk aan by haar dogter in Kameeldrif.

MEEGEVOEL

Louise Hartzer. Vedalaan 320, 083 417 5950. Haar eggenoot, Piet, is oorlede. Roudiens was Dinsdag.

SENIORBEDIENING

Baie geluk aan die volgende senior lidmate met hulle verjaarsdae. 'n Geseënde jaar word hulle toegebid.

Oom Chris van Niekerk. Ville Emri 9, 082 579 7804. Hy word vandag 86.

Tannie Lily Viviers. Wonderboom Mews 5, 012 567 5900. Sy word Dinsdag 80.

Tannie Veronica van Deventer. Marijastraat 105, 072 234 1900. Sy word Woensdag 84.

Tannie Sophie Smit. Moerbeilaan 103, 076 273 9844. Sy word Donderdag 86.

Tannie Hettie van Wyk. Villa Lecile 24, 082 870 5423. Sy word Donderdag 90.

Oom Chris Dempers. Wildekwepersteeg 165, 082 667 7226. Hy word Saterdag 91.

Tannie Ria Hoffman. Renaissance Aftree-oord 69, 082 378 7310. Sy word Saterdag 80.

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Die diepste menslike begrip word dikwels met moederliefde geassosieer.
'n Ma verstaan haar kind se probleem nog voordat hy kan sê waarom hy huil, of selfs nog voordat hy begin huil.
Sy verstaan haar kind omdat sy haar kind liefhet.
Helmut Thielicke

DANKOFFERSTELSEL

Lidmate kan hulle dankoffer- of enige ander bydrae op enige van die volgende maniere doen:

- Debietorder
- Aftrekorder (stuur epos na: finansies@ngoverkruin.org.za)
- Direkte inbetalings
- Snapscan (sien foto hieronder)

Bankbesonderhede:
ABSA: NG Overkruin
Rek: 5260 142 552
Tak: 632 005
Verw: bv. Dankoffer

Snap here to pay

getsnapscan.com

PROGRAM VIR DIE WEEK
Gesamentlike Pinkster

MAANDAG 17 MEI 2021

10:00 **Pinksterdiens**. NG Wonderboom.

19:00 **Pinksterdiens**. NG Overkruin.

DINSDAG 18 MEI 2021

10:00 **Pinksterdiens**. NG Wonderboom.

19:00 **Pinksterdiens**. NG Overkruin.

WOENSDAG 19 MEI 2021

09:00 **Geen bybelstudie**. Ds. C. Randall. (woon gesamentlike Pinksterdiens te NG Wonderboom by).

10:00 **Pinksterdiens**. NG Wonderboom.

19:00 **Pinksterdiens**. NG Overkruin.

19:00 **Geen koor**.

DONDERDAG 20 MEI 2021

09:00 **Bybelstudie**. Dr. P. Moolman.

09:00 **Bybelstudie**. Ds. P. Conradie.

10:00 **Pinksterdiens**. NG Wonderboom.

19:00 **Pinksterdiens**. NG Overkruin.

SONDAG 23 MEI 2021

09:00 **Erediens**. Ds. C. Randall. Nagmaal.

10:00 **Junior Kategese**. (Gr. 1-6)

17:00 **Senior Kategese** (Gr. 7-10) & Gr 11 belydenisklas.

18:00 **Erediens**. Prop. E. Sassenberg. Nagmaal.

LIG VIR DIE DAG: Elke weeksoggend bedien die leraarspan jou met ‘n stukkie LIG VIR DIE DAG. Dit bestaan uit ‘n teksvers wat uitgelig word, en ‘n gedagte oor dié teks van net DRIE reëls. Die bedoeling is dat jy binne net ‘n minuut jou elektroniese dag met die Woord kan begin. Lekker om te deel met jou kantoorkollegas of vriende oraloor.

Hoe bereik dit jou?
Registreer op enige van die Gemeentegroepe op Whatsapp – vir die skakel. Dan word jy deel van die LIG VIR DIE DAG vriende. (daar is reeds ‘n advertensie).
Jy kan ook hierdie skakel gebruik:
https://chat.whatsapp.com/DnTrBBjHQKs8BQzJJCMuXpR
Indien jy enige probleme het, skakel die kerkkantoor of een van die leraars: Ds. Corné Randall: 072 207 8350 / Dr. Petrus Moolman: 082 452 5826.

ANDER SAKE VAN BELANG

Bestuursraad. Maandag 24 Mei om 19:00. In die saal.

Voorbidding. Carien Liebenberg, 012 567 2082 / 083 319 9636 / clieb49@gmail.com

Preke is ook op ons gemeente se webtuiste beskikbaar by http://www.ngoverkruin.org.za/index.php/2-uncategorised/74-preek-argief
U is welkom om in hierdie tyd daarna te gaan luister.

Ons herinner u aan ons **motorwagte** se kassies by die deure. Die motorwagte is tydens alle eredienste en byeenkomste aan diens.

Verlof: Ds. Corné Randall. 23 Mei tot 30 Mei 2021.

BEROEP

Prop. Elané Sassenberg is tydens ‘n buitengewone vergadering van die Gemeenteraad gehou op 5 Mei 2021 beroep as deeltydse leraar van die Gemeente vir die tydperk 1 Junie 2021 tot 28 Februarie 2022. Die beroep word hiermee aan die lidmate voorgelê vir approbasie (goedkeuring). Enige besware teen die beroep, slegs gegrond op die leer en lewe van Prop. Sassenberg of beweerde onreëlmatigheid tydens die beroepsproses, kan skriftelik by die Skriba van die Gemeenteraad ingedien word voor 10:00 op 17 Mei 2021.

Regstreekse uitsending van eredienste (*Live Stream*)

Toerusting is aangekoop ten einde die regstreekse video-uitsending van eredienste op *YOUTUBE* in die toekoms te hanteer. Persone word benodig om hiermee behulpsaam te wees. Opleiding sal verskaf word. Indien u belangstel om hierby betrokke te wees, skakel asseblief, vir Jan van Zyl, 083 510 8636 of ds. Corné Randall, 072 207 8350.

UITREIKAKSIE: MAAND VAN OORVLOED, MEIMAAND

Meimaand is tradisioneel in ons Gemeente die maand van oorvloed. Dit is waar lidmate uit die oorvloed wat hulle ontvang, nie-bederfbare voedsel soos (blikkieskos, langlewemelk, ontbytkosse, rys, pasta, meel, sop bestanddele, ens.) kan skenk tot die verligting van voedselnood by minderbevoorregtes en instansies waarby ons gemeente betrokke is. Sien lys van projekte hieronder.

In die verlede het u as gemeente ruim bygedra tot hierdie inisiatief en indien u geroepe voel om weer by te dra, kan u gerus elke Sondag gedurende Meimaand blikkieskos of ander niebederfbare items Sondae kerk toe bring en in die mandjies by die ingange na die kerk plaas. U is ook welkom om skenkings deur die week by die kerkkantoor af te laai. Ons dank u vir u volgehoue ondersteuning by ons uitreikprojekte selfs deur die Covid-grendeltyd.

Vir enige navrae in hierdie verband kan u gerus Dennis Wagner by 083 462 2329 of Marleen Büre by 084 069 9880 skakel.

Uitreikprojekte:

Wolmer: Marleen Büre, 084 069 9880.

Magaretha Ackerman-tehuis: Dennis Wagner, 083 462 2329.

Noodspens: Kerkkantoor 012 567 2177.

CMR Daspoort: Rita Viljoen, 012 567 2464. Alle grootte klere.

CMR Wonderboom: Arina Jordaan, 012 567 4551.

Jan Niemandpark: Dennis Wagner, 083 462 2329.

Sopkombuis: Ralie Bezuidenhout, 079 279 4005 .

Jakaranda Kinderhuis: Hendrik Oosthuizen, 012 567 2030 of Nettie Wagner, 083 276 7550.

DANKIE

‘n Groot hartsdankie aan elkeen - vir julle oproepe, WhatsApp-boodskappe, sms’e, etes, blomme en almal se liefdevolle omgee tydens Kobus se afsterwe. Baie dankie vir elkeen se gebede vir my, my kinders en kleinkinders. Ons dank God vir soveel geloofsvriende se ondersteuning. Ons het groot waardering en is daarbaar teen elk van julle.
Carien en familie.

Garageverkoping 2021

Verskeie persone het al baie dankie kom sê vir “dit” wat ons elke jaar vir hulle “doen”. “Julle help ons baie” sê hulle

By geleentheid het ‘n dame kom vra of sy vir elkeen wat daar werk ‘n gekenk mag gee. Sy het vir elkeen van ons ‘n paar spierwit sokkies gegee.

By ‘n ander geleentheid het die polisie ‘n man voorgekeer wat items by ons gekoop het. Hulle het gedink hy het dit gesteel. Hulle het hom na die saal gebring. Nadat ons verduidelik het, het die polisiemanne ook ‘n klomp goed gekoop.

Ons is gereed. Ons wag vir jou oproep.
Piet Swanepoel, 083 227 0025 en Rudi van Heerden, 082 832 5565.

POPIA-WET (Wet op beskerming van persoonlike inligting: Wet no. 4 van 2013)

Dié wet bepaal dat persoonlike inligting nie sonder toestemming bekend gemaak mag word nie. Indien u beswaar daarteen het dat u adres en telefoonnommer in die aankondigingsblad geplaas word, moet u die kerkkantoor dienooreenkomstig in kennis stel.

Die Kwêvoël

1. NG Gemeente Overkruin is nie **aanspreeklik** vir 'n diens of produk wat geadverteer word nie.
2. **Geen advertensie** kan namens 'n ander persoon of instansie geplaas word nie.
3. **Alle advertensies** moet die kerkkantoor voor Woensdag om 10:00 bereik (Dinsdag as Vrydag 'n vakansiedag is).
4. **Advertensies word beperk tot 30 woorde**. Faks en/of e-pos word aanvaar indien bewys van betaling daarby aangeheg is.
5. **Berekening van kostes**. Minder as tien woorde = R15. Elf-twintig woorde = R20. Twintig-dertig woorde = R25. **Bankbesonderhede**: ABSA: NG Overkruin, 5260 142 552, Tak: 632 005. Verw: Kwêvoël.

Beddens en matrasse. *Cloud 9* en *Rest Assured*-reeks teen beste pryse. Gratis aflewering in Noordelike Pretoria. Faan, 082 469 0804.

JD Fridges. Herstel alle stowe, wasmasjiene, mikrogolfoonde, yskaste, ens. Dewald, 083 692 6752. Ons haal en lewer af.

Kunsgalery Jacobs en Uys, Braam Pretoriusstraat 120. Skilderye deur verskeie S.A. kunstenaars. Per afspraak, 012 543 1418.

Stress Away Verkoelings. Herstel van wasmasjiene, stowe, ys- en vrieskaste, tuimeldroërs of mikrogolfoonde. Billike pryse. Gratis vervoer by aanvaarding van kwotasie. Douw, 061 419 0739 / 012 377 0340.

Danie Krüger vir **alle rekenaarprobleme**. 063 431 5761.

Maryna se Kontreikombuis. Daagliks, varsgekookte BOERE-KOS. Wegneem Sondagmiddagetes. Spyseniering vir alle funksies en BEGRAFNISSE! Maryna, 082 451 7842. info@diekontreikombuis.co.za

Algemene meubelvervoer en langafstand. Bokse & verpakkingsmateriaal te koop. Kassie, 086 111 1129, 082 454 8159, 012 524 3111.

Franco's building and renovation Projects. Vir al u bou-, opknappings- en opgraderingsbehoeftes, jou een-stop shop. Franco, 082 257 8601 / www.fscon.co.za

Namibiese houtskool 5 kg-sakke vanaf R36.00. Aanstekers R12,00. 012 543 1001 / 083 227 0025.

Selfsorghuis te Sedgefield (Tuinroete). Ten volle toegerus. 2 slaapkamers. Datum: 4 Junie tot 11 Junie. Ons kan dit nie self gebruik nie. R3000,00 of beste aanbod. 012 567 4909 / 083 564 9141 / 083 233 9803.

Nutsman, elektrisiën, loodgieter, algemene herstel, opknappings, verf en verbeterings aan huise. Ons kan jou help. Jannie, 082 813 9692 / Karien, 072 564 1804. Ons doen dit die eerste keer reg - elke keer.

O/Zero Treefelling. Boomslopings en snoei. Gratis kwotasies/versekering. Ernst, 083 656 4992. www.treecarepta.co.za

Rommelverwydering. Meubelrestourasie. Herspan riempiesmeubels. Vervang ook stoelrekbande (*webbing*). Dawie, 082 556 4451. Ook **prentraamwerk**. Edith Fourie, 082 789 0790.

Van der Schyffstr. **18 Annlin R1,59 m**. Insetprys met R100 000 verlaag vir vinnige verkoop! Netjiese 3 slk woning, pragtige lapa, swembad, woonstel. Property24 verw - 109889294. Johann van Niekerk Eiendomme 012 543 3687 / 082 788 1421.

EKOLOGIE: Ons verantwoordelikheid

Herwinningsfasiliteite: Ons spog met nuwe herwinningshouers en spreek ons opregte dank en waardering uit teenoor ons borg uit die Gemeente. Die plakkers en inligtingsbordjies, wat ook geborg is deur gemeentelede, is op die houers en muur aangebring.

Spekboomkwekery: Bome beskikbaar teen R50,00. Bestellings kan geplaas word by Koos of Anél, 082 459 1474.

Hergebruik: Wat ons nie kan herwin nie, wil ons graag hergebruik. Gee jou voorstelle vir hergebruik van verpakking in by die kerkkantoor – ons wil graag jou kennis deel.

Volledige inligting beskikbaar op die Ekologie kennisgewingbord.